DIE AAMBEELD

Kwartaalblad van die HTS Drostdy

Kwartaal 3 2016

In Hierdie Aambeeld >>>>>>>>	P. 4 Drostdy Hub BO!	P.8 'n Salon Belewenis!	P.18 'n Jagverhaal Soos nog nooit

Drostdy Revue AFRI-DANS

HTS = Hoogs Talentvolle Sterre

Hoe gooi jy iemand in die water wat nog nooit geswem het nie en verwag van hom om 'n vis te wees ? Maklik, vra die Revue-lede van die HTS Drostdy.

Hierdie jaar is die eerste jaar in die geskiedenis van Drostdy wat ons 'n Revue aanbied. Ons is nog nooit gesien as 'n kultuurskool nie, maar weereens het Drostdy die Worcester gemeenskap verkeerd bewys. Die Drostdy Afri-Dans was 'n reusesukses. Van 'Ek Lewe' tot 'Gebed' tot 'Timbuktu'.

Revue 2016 is 'n nuwe program wat KykNet aanbied. Jy kon inskryf deur 'n kort video in te stuur van die skool se Revue. 26 Hoër- en Laerskole is uiteindelik gekeur om te kon deelneem by Carnival City Arena in Boksburg.

Sondag, 11 Spetember 2016. Het ons vertrek vanaf die Worcester treinstasie. Vir die meeste van ons was die treinrit 'n nuwe ervaring, maar ek is seker ons almal wil nooit weer 'n trein sien nie. 26 ure in 'n treinkompartement met 59 leerders en 6 onderwysers kan enige iemand uitput. Veral toe dit slaaptyd raak.

Vervolg op bladsy 3

Jani en Yvette praat uit een mond

So baie dinge is in kwartaal drie by Drostdy bereik en ek kan nie een oomblik minder as trots wees om deel van die *Belewenis* te wees nie. Dit is vir my werklik 'n voorreg om hierdie kwartaal redaktrise van Die Aambeeld saam met Jani Janse van Rensburg te wees . En ook om deel te wees van nog 'n wonderlike produk wat by Drostdy se deure kan uitstap na die wêreld daar buite.

Ons is geseënd om hierdie kwartaal 'n uitstekende Revue agter Drostdy se naam te hê, ons het talle leerders wat provinsiale rugby, hokkie en netbal het, ander leerders het buitemuurs presteer en natuurlik is daar ook ons akademiese eerstespan wat die hele kwartaal al hard werk. Alhoewel dit lekker is om goeie uitslae te hoor en te ontvang, besef ons nie aldag die harde werk wat ingesit word om hierdie drome te bereik nie. Met so baie talent kom baie uithouvermoë en daarom is dit belangrik om gemotiveerd en gefokus te bly. En hier kom ons skool se leuse: "Labora deo confidens" (werk terwyl jy op God vertrou) in. Sonder ons hemelse Vader sou ons nóóit hierdie goeie prestasies kon bereik nie en ek glo dat elkeen, wat die leuse voluit nastreef, saamstem.

So, aan die einde van 'n lang kwartaal kan ek niks minder as dankie sê nie. Dankie vir ons skool, dankie vir al die geleenthede wat daar vir ons gebied word, dankie vir elke leerder in die skool en die belangrikste van alles: baie dankie aan ons hemelse Vader wat ons bystaan deur alles en ons met die vermoëns seën om ons drome te kan bereik. Sterkte aan die leerders en veral die matrieks wat volgende kwartaal hul laaste eksamen skryf. Gryp elke geleentheid aan en gebruik jul talente tot die beste van jul vermoëns. Geniet die vakansie en keer veilig terug.

"... wees sterk en moenie moedeloos word nie, want julle werk sal beloon word..." 2 Kronieke 15:7.

Yvette van der Walt

Daar is baie maniere om jou hoërskool te kies. Dalk was jou ouers, ouer broer, suster of vriende hier. Of dalk kyk jy hoe sterk die skool akademies is en na ons goeie sportuitslae. Ek is nou maar net 'n jaar in HTS DROSTDY en ek kan met breë bors getuig dat dit n deel van my storieboek is waaroor ek ongelooflik trots is. Ek dink nie ons almal besef altyd in watter goeie skool ons is nie. Ek praat nie van ons goeie fasiliteite nie , of al die geleenthede wat aan ons gegee word nie maar juis van al ons onderwysers. Vra jouself af , hoeveel keer, in jou hele hoërskoolloopbaan sover het jy na klas vir 'n onderwyser dankie gaan sê vir al sy/haar moeite en liefde ? Ons doen dit nie , want ons voel te belangrik.

Die kwartaal het so vinnig soos blits onder ons oë uitgevlieg. Die matrieks het gisteraand hul matriekafskeid gehad , die rekordeksamen is vinnig afgehandel en nuwe leiers vir 2017 is gekies. Dan praat ons nie eers van die Revue wat vir die eerste keer so 'n groot sukses was nie. Hier gebeur so baie dinge op 'n slag in ons skool dat ons net met dankbaarheid daarna kan kyk.

Drostdy is meer as net die som van sy prestasies, geriewe en mense. Dis 'n plek waar jy vyf jaar lank leer van vakke, maar ook van mense, van eksperimente, maar ook van die lewe van maats en onderwysers, maar ook van jou eie menswees. En juis daarom wil ek hê jy moet begin dankie sê vir Drostdy as jou skool. Viva la Laaste kwartaal van 2016! Maak dit een om te othou. Sê dankie , wees dankbaar, lag meer en sê vir ander hoe lief jy vir hulle is. Onthou om nooit te 'settle for second best' nie.

–Jani J.v.Rensburg

Vir ouers ...

Discipline is when one uses reason to determine the best course of action regardless of one's desires...

In die tyd waarin ons leef, wil almal graag hul sê sê oor elke dissiplinêre kwessie wat by die skool opduik. En dis seker reg. Die realiteit is dat ons skool nie na elke ouer en elke leerder se individuele behoeftes kan omsien nie. Dis hoekom ons 'n Beheerliggaam het wat ons reëls goedkeur en die reëls is daar ter wille van orde en om natuurlik almal te beskerm. Dis natuurlik ook 'n bewese feit dat leerders en kinders in 'n huisopset gelukkiger is en meer sekuriteit ervaar as daar vaste reëls en gevolge vir oortredings is. Dit stel die grense vir aanvaarbare optrede - iets wat vir sommige leerders vreemd is - sodat ons uiteindelik aangepaste, opgevoede en gebalanseerde leerders lewer.

Met bogenoemde in ag geneem, wil ons graag die beroep op ons ouers doen om ons te steun indien ons sekere dissiplinêre stappe moet neem. Dissiplineloosheid skep anargie en enige ouer, vir wie hul kind se opvoeding 'n prioriteit is, sal saamstem dat hierdie eienskap net toekomstige probleme sal skep.

Ons gaan deur baie pyne om die stelsel te verfyn - so wees genadig. Uiteindelik wil ons in 'n geordende, gedissiplineerde omgewing funksioneer - waar almal gerespekteer word.

H.J. du Plessis

Ons het die Maandag in Krugerdorp aangekom en met die bus tot by ATKV-Buffelspoort. Dit was nie net swem en lekker-tyd in Buffelspoort nie. Ons het repeteer en repeteer en repeteer, om die verkorte 20 minuut- produksie tot perfeksie te kry. Drie leerders van elke skool moes 'n kort onderhoud voer met een van die aanbieders. By die uitdunrondtes het Astrid Bothman, Duncan Verwey en Madré Jacobs die kans gehad om met die aanbieders te gesels. Die standaard van die Gautengse skole was hoog, maar daar was definitief 'n plek in die semi-finaal vir Afri-Dans. Die Donkies was darem nie alleen daar bo nie. Baie van die Drostdy-ouers het hul kinders kom ondersteun. Die beoordelaars was baie beïndruk met Afri-Dans. " Ek dink julle moet julle naam verander na Hoogs-Talentvolle-Sterre" het Liz Meiring, een van die beoordelaars gesê.

Ons het die oggend vroeg by die huis gekom en die middag opgestaan om weer te repeteer. Die kritiek wat ons ontvang het vanaf die beoordeelaars, is gebruik om die nodige verandering te bring om Afri-dans in die finaal gebring het. Ons het een dag by Sun City Valley of Waves deurgebring, waar ons 'n flashmob gehou het in die water - op Timbuktu. Die video kan op *Beleef HTS Drostdy* op Facebook gesien word.

Van die naweek af het ons in Pretoria gebly by *Die Voortrekkers*. Nou dié van julle wat gedink het dat ons in hotelle gebly het, gaan bietjie teleurgesteld wees. Die Voortrekkers is die teenoorgestelde van 'n hotel. Elkeen het sy eie snytjie-brood-matras gekry en moes in 'n eenvertrekkamer op die grond gaan slaap. Elke vertrek kon meestens drie leerders bevat. Die kinders het dit sommer 'Die Hok' genoem. Almal was bietjie omgekrap oor die omstandighede waarin ons vir sewe dae moes bly. Dit was nogal 'n groot uitdaging om so te lewe. Dit was 'n uitdaging wat jou laat besef het vir hoeveel dinge in die lewe jy moet dankbaar wees. Ons het ook 'n gedeelte van die Suid-Afrikaanse geskiedenis gaan verken; ons was by die Uniegebou en ook Die Voortrekker Monument. Moenie vergeet van 10 000 repetisies tussenin nie.

Die beoordelaars was baie beïndruk met die veranderinge in Afri-Dans. Die beoordeelaars het beklemtoon dat hulle hoendervleis gekry het, veral by 'Gebed'. Daardie aand (oggend) het ons half drie by Die Voortrekkers aangekom. Almal het onmiddellik gaan slaap, omdat ons later die dag moes gereedmaak vir die groot Finaal. Met die hoeveelheid tyd wat ons gehad het, het juffrou Swart en meneer Ras steeds tyd vir ons gemaak om te repeteer.

"Julle moet bly soos julle is, julle is uniek en dit is wat julle so goed maak" het Pieter Smith gese. Tweede plek was nog nooit eerste plek nie, maar daardie aand het ons gevoel soos goud.



Beleef HTS Drostdy HTS_Drostdy @HTS_Drostdy

Nuwe Drostdy-inisiatief lig die wenkbroue

Skool berei jou voor vir die wêreld na skool, die probleem is die wêreld waarvoor jy voorberei word, is 'n bewegende teiken. Daar is konstante verandering. Ons leef op 'n groot golf van verandering aangedryf deur tegnologiese vooruitgang. Die internet konnekteer alles, Google kan alles vind, slimfone is kragtige rekenaars in jou sak, sosiale media hou jou in kontak met vriende oor die wêreld, bandwydte raak vinniger en vinniger, gerekenariseerde masjiene soos 3D-drukkers kan jy met jou sakgeld koop, kragtige sagteware is verniet en "open source", virtuele realiteit kan jou laat ski in die Alpe al is jy in die Karoo, aangevulde (augmented) realiteit soos Pokeman GO kan jou beelde laat sien helder oordag. Hierdie is meestal veranderinge van die laaste 10 jaar, wat gaan gebeur in die volgende 10 jaar?

Die verandering is opwindend, dit is 'n golf en groot golwe ry, is opwindend. Dit bied baie geleenthede! Maar as jy nie gereed is nie, kan jy "over the falls" gaan en die rotsbank van irrelevansie tref. Dit het al met baie individue en instansies gebeur en dit kan met jou en Drostdy ook gebeur. So hoe kan jy jouself voorberei om hierdie golf te ry?

Vir die nuwe generasie Donkie wat hierdie golf wil ry is twee eienskappe belangrik. Eerstens kreatiwiteit, want dit gee jou die vermoë om na probleme te kyk en op te los op unieke en nuwe maniere. Probleme is deel van golwe ry (dis deel van verandering), as jy nie hou van probleme oplos nie kan jy maar op die strand bly staan en ophou lees aan hierdie berig.

Om net kennis te hê is nie meer goed genoeg nie. Google het gemaak dat kennis vir almal toeganklik is. Jou gr. 4 boetie en sy slimfoon kan nou net so vining soos jy daai algemene kennisvraag beantwoord. Om egter groter komplekse probleme (baie van die groot probleme van die samelewing val hieronder) op te los, kan Google jou nie help nie. Mens kan nie Google, "Hoe maak ons Stalshuis koolstof neutraal nie?" of "Hoe los jy 'n werkloosheid op in Zwelethemba?" of "Hoe neem mens toeriste na die ruimte?" of nog meer kompleks "Hoe kry ek vir Judy om van my te hou nie?". Hiervoor het jy kreatiwiteit nodig (sien sommer gratis liefdesadvies).

Tweedens sal die nuwe generasie Donkie bereid moet wees om haar/sy hande vuil te maak. Dis nie net genoeg om te filosofeer of te praat hoe ons die wêreld 'n beter plek kan maak nie. Spring in, eksperimenteer, maak foute, leer uit jou foute. Dis die manier hoe mens leer in tye van onsekerheid en verandering. Om te leer is om te doen. Jou kop en hande moet saamwerk.

As jy rondom jou kyk, sal jy al klaar vriende sien met hierdie eienskappe. Van julle is klaar kreatiewe probleemoplossers wat verstaan hoe om te leer deur te doen, maar tog is hierdie 'n deel van Drostdy wat geheim gehou word. Doen 'n vinnige steekproef van Drostdy op sosiale media en mens sien die rugby, die netbal, die revue, die orkes, die cheerleaders, die skoolgeboue en die akademiese presteerders. Dis baie indrukwekkend, maar waar is die probleemoplossers, die uitvinders, die makers, die verskilmakers en waaraan werk hulle? Drostdy is gestig 113 jaar gelede om leerders op te lei om hul vaardighede te gebruik om hoop aan gemeenskappe te bring. Hierdie is nie iets nuut nie, dis deel van die Drostdy se DNA. Word dit dalk afgeskeep?

Met hierdie in gedagte het ons 'n rukkie terug vir 'n paar belangstellende Drostdyers gevra om foto's/videos op Facebook te plaas van die projekte waaraan hulle werk. Ons wou sien wie het al hul branderplanke uit? En die vermoede dat Drostdy met versteekte talent sit, is bevestig!

Daniël Lombard het vertel van sy 3D-drukkerprojek, Matthys bou 'n boot soos Noag, Hannes het 'n mielie-chopper gerestoureer, Elize doen graffiti, ander Daniel bou karre en skaatsplanke, Jody, sjoe, maak enige iets van 'n fietslig dinamo tot 'n indrukwekkende boomtak "floating shelf", Dewald maak kuns en YouTube videos en Werner programmeer 'n ding mal. Dis net 'n paar. Ek is seker as ek jou vra sou jy nog indrukwekkende projekte kan noem waarmee jou vriende besig is?

Dink net as ons hierdie meisies en ouens kan kry om saam te werk en hulle kan soos die eerste rugbyspan elke dag saam "oefen". Dink net die probleme wat hulle dan sal kan oplos? Dis presies wat ons wil doen. Die naweek van 7, 8 en 9 Oktober gaan 'n groepie van hierdie makers bymekaar kom om te droom, te maak en te leer van mekaar. Die doel is om na die naweek 'n prototipe makerspasie (makerspace) te open in een van die werkswinkels waar jy en jou vriende sal kan werk aan daai "branderplanke" om die golwe te ry!

Opgewonde? Sluit aan by die Drostdy Makers Facebook-blad, vang gees en wys ons waaraan jy werk.

Tiaan, David en Kenney (Matriek 2002)

1. Vra jou branderplankvriende wat dit beteken of weet net nie dis nie lekker nie.
2. Google bietjie Makerspace en Maker Movement vir interessante leesstof.



Beleef HTS Drostdy HTS_Drostdy @HTS_Drostdy

∞ Ouddonkies presteer ∞

Tiana Rall,(regs) Drostdy se eerste hoofdogter, het ons nog nooit in die skande gesteek nie. As hoofdogter van 2014 was sy baie se rolmodel en 'n voorbeeld om na te streef en tot vandag toe wys sy vir ons hoe om ons drome te volg en na die sterre te reik.

Na matriek het Tiana binnenshuise versiering aan CPUT gaan studeer, 'n droom al vir baie lank. Sy het egter nie net by harde werk gestop nie, maar sy maak sommer vinnig haar merk in die grootmenswêreld, waar sy as die beste eerstejaarstudent in haar kursus aangewys is.

Tiana wys vir ons dat enigiets moontlik is en dat jou drome kan waar word. Drostdy wens haar geluk met haar prestasies en bedank haar vir die inspirasie wat sy vir so baie is.



Dries Millard(regs) was in 2008 in matriek. In dieselfde jaar het hy in 'n motorongeluk die gebruik van sy onderlyf verloor. Hy het ons almal inspireer met die manier waarop hy hierdie terugslag verwerk het. Uiteindelik het hy 'n besluit geneem om nie toe te laat dat sy verlies sy uiteinde gaan bepaal nie.

Hy het nou al rekords gebreek met sy rolstoel, 'n bas-ketbalspan vir parapleë begin en begin surf! En dit met slegs 18% van sy liggaamsfunksie. Dries was onlangs by ons om 'n program vir Passella op te neem. Hy het dit goedgedink om dit by Drostdy te doen. Hulle het onder andere met mnre. De Lange en Marshall gepraat en die program sal in November uitgesaai word.

Een van ons oudhoofseuns het 'n besondere prestasie behaal deur 'n SAFTA (South African Film and Television Awards) toekenning te wen. Dis soos om 'n OSCAR te wen in Suid-Afrika.

Hy het sy toekenning gewen in die kategorie "Best Achievement in Sound Design- Documentary Short"

Hy het die na-produksieklank gedoen van die Cape Town Carnival wat aan die begin van 2015 plaasgevind het. Die dokumentêr was ongeveer 30 minute lank en is oor nasionale televisie gebeeldsend.

Hy staan as **Chris Bornman(links)** in die klankindustrie bekend. Die Engelse sukkel te veel met De Wet.



Eisteddfod 2016

As gevolg van die Revue, is sleg matriekleerders vir die Tygerberg Internasionale Eisteddfod ingeskryf en die leerders het uitstekend presteer. Van die dramaleerders word privaat afgerig deur mev.Heléne Lambrechts en vaar baie goed by beide Paarl- en Tygerberg Eisteddfods. Die leerders beoog om volgende jaar ook aan die Worcester Eisteddfod deel te neem en het alreeds begin oefen om 2017 'n groot jaar te maak.

Die uitslae van die Paarl- en Tygerberg Internasionale Eisteddfod is soos volg:

- Carmen Victor

  Tygerberg Internasionale Eisteddfod

  Afrikaans Eie Keuse Poësie - 88%

- Cheznay Thomas

  Tygerberg Internasionale Eisteddfod

  Afrikaans Eie Keuse Poësie - 84%

- Mariechen Jordaan

  Paarl Eisteddfod

  Afrikaans Prosa - Cum Laude

  Afrikaans Poësie - Goud plus

  Engels Poësie - Goud plus

  Tygerberg Internasionale Eisteddfod

  Afrikaans Voorgeskrewe Poësie - 90%

  Afrikaans Eie Keuse Poësie - 90%

  Afrikaans Voorgeskrewe Prosa - 94%

  Afrikaans Eie Keuse Prosa - 96%



Mariechen ontvang ook 'n trofee vir poësie en prosa by die prestige konsert op 20 September 2016. Sy behaal hoogste lof en beste prestasie in haar ouderdomsgroep.

- Madré Burden

  Paarl Eisteddfod

  Poësie - Goud Plus

  Prosa - Goud Plus

  Tygerberg Internasionale Eisteddfod

  Gedig Eie Keuse - 90%

  Voorgeskrewe Gedig - 87%

- Antoinette Steijn

  Paarl Eisteddfod

  Prosa - Goud Plus

  Poetry - Goud Plus

  Tygerberg Internasionale Eisteddfod

  Poësie - 87%

Donkies in Duitsland

Drie van Drostdy se leerders is in Junie en Julie as uitruilstudente na Duitsland. Joh-Mari Marais , Frederik Louw en Tanya Oosthuizen het hierdie FSA jeuguitruilprogram baie geniet.

Joh-Mari vertel haar ervaring : Ons moes eers drie take indien om goedgekeur te word. Baie moeite word gedoen om jou by 'n gesin te plaas waar jy sal inpas en myne was die Nissen familie. Hulle bly in die plattelandse deel van Essen en het my baie welkom laat voel. Ek kon elke dag tussen die koeie en deur die woud met oudtydse kothuise langs die pad op 'n klippaadjie hardloop en as dit nie genoeg oefen was nie, kon ek in hulle gimnasium fiks bly. Volgens Joh-Mari is die Duitsers "sokkermal" en as jy nie saam te kere gaan nie, voel dit of die fout by jou lê. Hulle moes elkeen 'n egte Suid-Afrikaanse dis voorberei en sy het besluit op bobotie vir hoofgereg en pannekoek met n melktertvulsel vir nagereg. Sy moes Henricke (een van die Nissens se dogters) se skool bywoon. Dit was n katolieke kloosterskool met 1400 leerders. Sy moes n tradisionele Ierse dans, n Spaanse dans en die Cha-Cha doen vir punte. Haar gesin was baie kultureel en het haar op baie uitstappies geneem. Sy het tot die laaste tien dae van haar besoek op 'n eiland genaamd Wangerooge in die Noordsee gaan bly."Duitsland is 'n eerstewêreldland en Suid-Afrika 'n derdewêreldland. Alles daar werk, is netjies, nuut en veilig. Mens sien eers die werklike toestand van ons land as jy weer terug is. Maar ons skool is eerstewêreldstandaard en daarom is dit heerlik om weer terug te wees."

Tanya in Germanië

Ons het lank uitgesien na hierdie vakansie in, Europa . Uiteindelik het die dag aangebreek, ons het 'n aand voor die tyd Johannesburg toe vertrek, net om veilig te wees en seker te maak ons vang ons vlug. Op OR Thambo moes al die VSA kinders bymekaarkom en daar was die opgewondenheid voelbaar.

Na 'n lang vlug het ons in Duitsland geland en vertrek, per trein, na ons gasfamilies toe. Op dié stadium was ons almal net moeg en kon nie wag om weer te rus nie.

My familie was die Kleisny-familie en ek het baie lekker by hulle gebly. Hulle reëls verskil myle van ons s'n soos: slegs TV kyk op naweekaande en skoene wat glad nie in die huis gedra word nie. Die volgende dag het hulle my vir 'n op kanovaart geneem op 'n rivier wat 12km lank is. Hulle het ook elke naweek vir my na feeste en museums geneem. Die interessantste museum vir my was die een in Bamburg wat oor die Tweede Wêreldoorlog gehandel het. Hulle het my na baie kastele en Katolieke kerke ook gevat, alhoewel die kerke meer soos kastele lyk as die kastele self.

Ek was by 'n musiek-en-kunsskool en dit was vir my baie lekker om te ervaar hoe die skool van ons s'n verskil. Ek mis Duitsland, en die nuwe vriende wat ek daar gemaak het, verskriklik baie. Hierdie geleentheid was beslis 'n belewenis.

Tanya Oosthuizen

Frederik waai die vlag in Duitsland...!

Soos almal alreeds weet, was Frederik Louw een van die uitruilstudente na Duitsland. Hier het hy saam met sy gesin in Schwartzwald gebly of meer bekend as die Black Forest. Hy het elke dag saam met een van die seuns skool toe gegaan. Dit was omtrent 'n sessie en hulle het deur drie dorpe gery om uiteindelik by die skool uit te kom. Elke oggend moes hulle opstaan, met die fiets na 'n treinstasie ry en van daar af na 'n ander dorp reis en tot by die volgende dorp met 'n bus skool toe ry. Ek is amper seker dat teen daardie tyd sou baie van ons alreeds skool "gebunk" het. Die skool waarheen hy gegaan het, staan bekend as die Schopfheim High School en hier het die skool van half agt tot eenuur geduur. Hulle het ook net een keer 'n week na skool sportaktiwiteite gedoen. Frederik se gunstelingkos was 'n "Dönner" amper soos 'n bunnychow, 'n groot brood met vleis , chips en baie sous. Hy het die geleentheid gehad om verskeie kere Switzerland te besoek en het lekker "sight seeing" in Duitsland gedoen.

Mag hierdie fantastiese avontuur nog lank in jou storieboek bly en mag elke Donkie eendag so 'n geleentheid aangryp!

Saalbyeenkomste deel van die belewenis

Hierdie kwartaal was ons baie bevoorreg om verskillende sprekers tydens saalbyeenkomste te kon onthaal. Die Blitsbokke saam met CRC Stellenbosch het almal verras en 'n boodskap aan Drostdy gelos - wees soos Arende. Ruan Nel, Chris Dry en Heindrich Joerdens was hier en die leerders het aan hulle lippe gehang.

Firework Ministries was ook hier by ons. Saalbyeenkomste is deesdae 'n fees!

Salon maak deel van die Belewenis

Donkies sal voortaan nog mooier lyk want ons het onlangs ons eie salon gekry. Die Belewenis Salon het sy deure binne een week oopgemaak vandat daar besluit is om die droom 'n werklikheid te maak.

Die salon gebruik die inisiatief om dogters te leer om entrepreneurs te word. Hulle betaal vir hul eerste kursus en leer hier die basiese vaardighede wat nodig is. Daarna kan hulle begin om self by die salon te werk en as beloning kan hulle hul volgende kursus bywoon.

Die kursusse kan aan hul CV's geheg word, en is 'n groot aanwins indien die dogters belangstel om in die toekoms in die skoonheidsrigting te wil gaan, of selfs net hul eie grimering wil doen.

Behalwe vir die skoonheidsopleiding kan dogters ook entrepreneursvaardighede aanleer wat in vandag se wêreld goud werd is.

Drostdy is opgewonde oor wat die Belewenis Salon gaan bied en is dankbaar vir so 'n geleentheid waar ons leerders nog meer toegerus word vir hul toekoms en die lewe na skool.

~ Yvette van der Walt

Salon Belewenis

Hands and feet	
Manicure full	R100
Manicure Basic	R70
Pedicure Full	R150
Pedicure Basic	R110
Gelish & Manicure	R150
Gelish Paint	R120

Sunbed	
30 minutes	R20
10 Sessions	R180

Massage	
Back & Neck	R150
Full Back	R250
Head Massage	R75
Foot and leg	R70

Tinting	
Brow Tint	R50
Lash Tint	R60

Makeup	
Bridal Makeup Trail	R200
Bridal Makeup	R350
Special Events	R200
After Facial Makeup	R100
Makeup Lesson	R500
Makeup Workshop	R300

Waxing	
Lip	R50
Chin	R55
Brow Shape	R55
Side Burns	R100
Full Face	R160
Bikini	R100
Hollywood	R150
Brazilian	R130
Full Leg	R250
Full arm	R150
Full Back	R200
1/2 Back	R150
1/2 Legg	R150

Facials

Relaxing Facial	30min	R150
Cleansing Facial (oily skin)	45min	R200
Brightening Facial (oily skin)	1hour	R200
Firming Facial (mature skin)	1hour	R200

Kontak Jessica vir afspraak: 076 051 0882 * 08:00 tot 17h00

Bloed is dikker as water...

Baie mense gril vir bloed, maar wat hullle nie weet nie, is dat dit miljoene mense se lewens kan red. Op 1 Augustus het 114 leerders van Drostdy bloed geskenk wat voel dit is vir n goeie doel.

Dit is nogals interessant om te weet dat as een persoon bloed skenk kan dit drie mense se lewens red.

Ons Donkies het al 'n beker gewen vir die meeste bloedskenkings.

Jy hoef nie bang te wees om bloed te skenk nie, dit is nie seer nie en boonop kry jy lekker koekies en koffie na die tyd. Daar is nog een bloedskenkgeleentheid vir jou oor om so jou deel te doen!

Kom Donkies!

-Nadine Fick



Bron: SANBD

THEUNS KRUGER, Grafika24

Beleef HTS Drostdy

HTS_Drostdy

@HTS_Drostdy

Lag met 'n traan

Me. Alida Marais gaan, na twee en 'n halwe jaar, ons verlaat. Sy verwag 'n seuntjie en het besluit dat dit nou haar eerste prioriteit sal wees. Mevrou Marais was by die Engelsdepartement betrokke en sy gaan 'n definitiewe leemte laat. Ons weet sommer dat u baie geënd gaan wees en glo dat moederskap baie vervullend sal wees. Trek dus *Die Uurwerk Kantel* nader en geniet dit voor boeta sy opwagting maak.

Graad 8A-projek

Gedurende die Junievakansie het ons, graad 8A-klas, 'n projek gehad waar ons 'n R10-noot laat groei het. Ons het beddens opgemaak, skottelgoed gewas, gras gesny, kolwyntjies verkoop, hoenders verkoop en nog baie kreatiewe maniere gebruik om geld in te samel.

Ons het 'n groot bedrag van R2000 ingesamel. In die derde kwartaal het dit ons baie lank geneem om te besluit wat ons met die geld wil doen om 'n verskil in die gemeenskap te maak. Ons het op die ou einde besluit om die geld te deel en verskillende instansies te help.

Ons het 'n R1000 oorbetaal vir Dries Millard. Dries is 'n oudleerder wat ons skool kom besoek het, en ons meer vertel het van sy projek, Extreme Abilities - www.**extremeabilities**.co.za/

Die orige R1000 het ons oorbetaal aan die 7th Heaven dagsorgsentrum op Worcester. Die skool het 17 jaar gelede begin in 'n motorhuis, waarna dit later geskuif het na die ou onderwyskantore se gebou. Die skool is deur vandale, gedurende 2015 se Desembervakansie, geplunder en die nood is groot.



Ons klas het hulle op die 28ste September gaan besoek. Ons het gaan kyk wat hulle daar doen en ons het ook 'n bietjie interaksie met die kinders gehad. Hulle het vir ons liedjies gesing en ons het probeer om vir hulle ook te sing – ons gaan definitief maar nog moet oefen.

Daar was maar nog min leerders, omdat meeste van hulle nie skool toe kom as dit reënerig is of so koud is nie. 7th Heaven voorsien ook vir baie van die leerders die enigste maaltyd van die dag.

Na die besoek aan 7th Heaven het ons die uitstappie afgesluit met 'n roomys by McDonalds vir al ons

'n Koppie tee in die winterson

Meneer Pieter Ras, koshuisvader van Drostdy koshuis, het met 'n briljante idee vorendag gekom. Wat van 'n ma-en-seun-tee op 'n vrolike Saterdagoggend in Drostdy se vierkant? Op 27 Augustus het hiérdie oggend omstreeks tienuur afgeskop. Ongeveer 35 graad agt seuns het saam met hul ma's 'n koppie tee in Drostdy se vierkant geniet. Ma en seun moes R20 betaal om die geleentheid by te woon, maar dit was elke sent werd. Augustusmaand is ook die vrouemaand en dit het bygedra tot die sukses van die tee waar ma's bedank is vir die liefde en harde werk wat hulle vir hulle kinders doen. Drostdy koshuis het waarlik 'n nuwe tradisie begin en hierdie keer 'n baie mooi een ook. Ons is trots op ons graad agt seuns en ons sê dankie vir mnr en mev Ras wat al die reëlings getref het. Sonder jul harde werk en passie sou hierdie oggend nooit 'n sukses kon wees nie.

Rolo Titus

Die Aambeeld was nie dieselfde sonder beroemde Rolo Titus nie en nou is sy terug in al haar glorie en steeds besig om gebeure, wat tans by Drostdy plaasvind, onder die vergrootglas te plaas.

Onder die vergrootglas: ***40 Days 2016***

Daardie "spesiale" dag vir die matieks. Elke jaar moet die graad 11's hul volle skooldrag agterstevoor aantrek en die matrieks het 'n tema. Vroeër jare het die matrieks "cross dressing" gedoen, maar hierdie jaar asook verlede jaar het die matrieks 'n tema gehad. Indien van julle wonder wat "cross dressing" is, dit is wanneer meisies die seuns se klere aantrek en vice versa.
Die matrieks moes aantrek soos dié wat hulle nie wil word nie. Ja, van die matrieks het interessante uitrustings gehad, maar vir die res was dit net 'n gewone "civvie" dag. Wanneer het dit verander na 'n dag waaraan slegs sekere matrieks wil deelneem - omdat die tema vir party vervelig is?

Baie matrieks voel dat die aandag nie werlik op hulle gefokus is nie. Dit is wat van die matrieks te sê het oor 40 Days :

Matriek X : "Die 40 Days was baie lekker, nie awesome nie, maar lekker. Die 'funksie' aan die einde van die dag het ons matrieks laat beter voel. Dit het ons laat voel asof die dag eintlik oor ons gaan."

Matriek Y : "Dit was die beste 40 Days nog!"

Matriek Z : "Die tema is nogal cool, dit kon beter gewees het. Wat het geword van 'cross dressing' ? "

My vrae aan julle: Gaan 40 Days nog werklik net oor die matrieks?

EN

Moet die tema bly, of gly?

Groete tot volgende keer.



4040404040404040

Winterkonsert

Die orkes se jaarlikse Winterkonsert was altyd nog van hoogstaande gehalte, maar hierdie jaar was definitief 'n trappie beter as vorige jare. Die orkes het die gehoor verras met 'n paar nuwe musiekstukke en het die gehoor, soos altyd, in vervoering gehad met hul pragvertoning. Die dogters het asemrowend gelyk met hul aandrokke en die seuns deftig met hul strikdasse.

Robyn Waters, 'n 16-jarige gesiggestremde dogter van Pionierskool, het as gaskunstenaar opgetree en het die gehoor met haar engelstem bekoor. Robyn het in Julie in Amerika aan 'n talentkompetisie deelgeneem en sy was die algehele wenner. Mnr.Steijn en Mev.Meiring het ook as gaskunstenaars opgetree en die duet, "Sweef soos 'n Arend", gesing.

Dankie aan al die ouers wat die aand bygewoon het en spesiale dankie aan mnr.Pieter Ras en mev.Stephne Krige

Robyn Waters

'n Winterbal om vir ewig te koester...

Die kaartjies is al 'n week voor die tyd uitverkoop, die dansskoene en aandrokke al dae voor die tyd reggesit en die opgewondenheid was, tot sekondes voor die deure oopgemaak het, voelbaar…

Drostdy se jaarlikse Winterbal het op die 2de Augustus 2016 plaasgevind. Die tema -Winter Wonderland - het definitief hierdie jaar die seniors se asems weggeslaan. Die saal het beslis soos 'n wonderland gelyk met liggies, balonne wat uit die dak hang, sneeuvlokkies wat verskyn en verdwyn en lekker-dans musiek.

Voorgereg was hoenderhappies, gevolg deur hamburgers en aartappelskyfies en vir nagereg koffiegegeurde roomys.

Met wonderlike mense, baie lag, vriendelike gesigte, lekker musiek en heerlike kos was die Winterbal definitief hierdie jaar 'n groot sukses.

Drostdy wil ook vir Bianka Groenewald baie dankie sê vir haar moeite met die reëlings. Sonder Bianka sou die Winterbal nie gewees het wat dit was nie!!!

Drostdy sal nog jare lank Winterbal 2016 onthou as 'n aand van lekker lag en dans…

Yvette van der Walt

Geen vals note vir dié Donkies

Hierdie kwartaal het die Donkies weereens gewys waar Dawid die wortels, oftewel note, begrawe het.
Die musiekleerders het uitmuntend presteer by die Paarl – en Tygervallei Eisteddfod, asook by die UNISA musiekeksamens.

Altesaam is 88 stukke gespeel by die Eisteddfods en Drostdy verower vier cum laude- , 59 goue-, 17 silwer- en agt bronsmedaljes. Die toppresteerders (90% +) was :

Christo Erasmus (ontvang die trofee vir " Best Senior Brass Player" in die Paarl)
Marelize Uys
Anja Coetzee
Matthew Pretorius

Nege-en-veertig van HTS Drostdy se koperblaas- en slagwerkleerders het in Mei en Augustus 2016 UNISA- graad en VVA- eksamens gepeel. 4 leerders verdien 90%, 36 het Lof(80% en hoër) en 10 verdien eervolle vermelding (75% - 79%). Mev. Krige ontvang 'n merietesertifikaat van Unisa met die prestasie van die beste tien praktiese graad - leerders se gemiddeld wat 83,7% is. Toppresteerders (90% +) van die VVA-eksamens is :

CHRISTO ERASMUS	TP7	90%
MELCHIOR VAN DER BERG	TP4	90%
LEANA COETZEE	TP3	90%



Toppresteerder (90% +) van die graad eksamens is :

DANIQUE JACOBS	TP1	90%

Twee matriekleerders, Danie le Roux en Christo Erasmus het uitsonderlik presteer tydens hul hoërskoolloopbaan. Beide speel Gr.7 UNISA VVA-eksamen, iets wat nog nooit in Mev.Krige se 20 jaar by Drostdy gebeur het nie. Ook was hulle vir drie jaar uitstekende soliste in die orkes.

Hul prestasies vir die afgelope paar is as volg :

Christo Erasmus
Christo neem vier jaar les en behaal die volgende ongeëwenaarde prestasies:
UNISA : 90% vir Gr.1 , Gr.6 en Gr.7
UNISA : 89% vir Gr.3 , Gr.4 en Gr.5
Tygerberg- Montagu- en Paarl Eisteddfods:
Ontvang by Tygerberg Eisteddfod 'n trofee vir uitstaande prestasie (90% +)
2 Cum Laude (90% +)
12 Goue toekennings (80% -89%)



Danie le Roux
Danie neem vyf jaar les en behaal die volgende prestasies:
UNISA : 90% vir Gr.6
UNISA : 80% - 89% vir Gr.1, Gr.2, Gr.3, Gr.4, Gr.5, Gr.7
Tygerberg- Montagu- en Paarl Eisteddfods:
Ontvang by Tygerberg Eisteddfod 'n trofee vir uitstaande prestasie (90% +)
1 Cum Laude (90% +)
9 Goue toekennings (80% -89%)

Leierskamp

Elke jaar, na die groot verkiesing, onderneem me. Karen le Roux 'n kamp waar al die leiers van die skool opgelei word en voorberei word vir die groot taak wat voorlê. Hierdie jaar is daar opgetrek na Karmel, 'n kampterrein in die Franschoekberge, om seker te maak ons leiers is toegerus vir die jaar.

Sowat vyf en sestig seuns en meisies het op Vrydag, 9 September, begin met praktiese opleiding wat deur die enigste wit man DeLa de Villiers (sy grappie) aangebied is. Die aand het mnr. Riaan Truter 'n ongelooflike praatjie met die leerders gehad en enigeen wat nie hierdeur geraak is nie, moet sy pols voel.

Die Saterdagoggend het mnr. Callie le Roux en me. Thea Krouwkam met die koshuisleiers kom praat. Hierdie geleentheid is goud werd om die besluite oor volgende jaar en noodskaaklike beplanning te finaliseer. 'n Baie insiggewende swat-analise het gevolg en die toestand van ons dissiplne, sport, akademie en geestelike welstand is bespreek. Die Saterdagmiddag het die kampfasiliteerders weer die groep onder hande geneem. Hierdie aktiwiteite het nogal 'n manier om te wys hoe leiers op sekere uitdagings reageer. Ook natuurlik om sekere karaktereienskappe te toets. En die uiteinde is altyd verrassend. Hierna was dit die potjiekoskompetisie en hier het Stalshuis/ Drostdy se manne met die louere weggestap. Die aand het mnre. Underhay en Strydom met die leiers gepraat. Hier kon leerders praat oor dinge wat pla en saam soek na oplossings.

Sondagoggend was die program nog vir oulaas deur me. Karen le Roux aangebied. Sy het die portefeuljes verduidelik en die verskillende werke, wat deur die jaar die BK en VRL se verantwoordelikhede is, vir hulle uitgespel. Na so 'n naweek kom almal vuurwarm terug. Die ideal is natuurlik dat hierdie vuur die hele jaar so hoog sal brand. Die groep is gekies, die werk verduidelik - nou kom die werk! Skouer aan die wiel, leiers!





Bo: Een van die aktiwiteite word verduidelik

Onder: Die "girls"

Regs: Die potjiekos was 'n wenner!



Brilliant Young Donkey

Op Donderdag, 25 Augustus, het al die Brilliant Young Donkeys in die skool se klubhuis bymekaar gekom vir 'n heerlike bederfoggend. Daar was borde vol handeetgoed uitgesit en heerlike Steri Stumpies om te drink. Mev. Le Roux en Mev. O'Kennedy het baie moeite gedoen om dit vir die Donkies 'n onvergeetlike oggend te maak. Om vir die Brilliant Young Donkeys te kwalifiseer, moet jy 'n gemiddeld van 80% of hoër behaal. Mev. Le Roux het die oggend begin deur vir almal geluk te wens met hul harde werk en goeie gemiddelde en hulle gemotiveer om met hul harde werk vol te hou.

Die matrieks is toe ekstra bederf met klein pakkies wat aan hul oorhandig is. Dit was hul laaste bederf voor die eksamens begin.

Die Donkies het toe heerlik gesmul aan al die lekkernye. Die koeksisters en kolwyntjies was voorwaar die lekkerste. Dankie vir al die onderwysers wat die oggend spesiaal gemaak het vir ons .

My mooie dame

Op die derde Augustus het 120 leerders, onderwysers en ouers Kaap toe gegaan om *My Fair Lady* te gaan kyk in die Kunstekaap. Aangesien die derde Augustus die dag was waarop die Munisipale verkiesings plaasgevind het, en dit dus 'n vakansiedag was, het ons vroeg die middag gery. Ons het tyd spandeer by die Waterfront waar ons lekker rondgeloop het en die gevoel vir die Kaap gekry het.

Ons het om sewe-uur na die Kunstekaap gery, waar die vertoning om halfag begin het. Met "a little bit of luck" en "the rain stays mainly on the plain" is ons weggevoer na Professor Higgins se huis. Ons het saam met Eliza geleer hoe om al die Engelse woorde reg uit te spreek. Ons het geleer hoe om soos 'n dame op te tree en nie by 'n perderesies te skree: "move your blooming..."

Die aand het ons laat teruggekom by die huis en party van ons was moeg gewees om so baie Engels te leer, maar dit was 'n onvergeetlike vertoning.

Donkies kan redeneer

Die Radikale Redenaarskompetisie word jaarliks aangebied en byna 26000 leerders regoor Suid-Afrika neem deel. Die kompetisie word in drie afdelings verdeel naamlik : Radikale Redenaars, Radikale Leesfees en Radikale Skryffees.

Uitdunne word eers in streekverband gehou en daarna in provinsiale verband. Die hoofdoel van die Radikale Redenaarskompetisie is om leerders te ontwikkel tot uitsonderlike sprekers wat nie binne die beperking van 'n spesifieke tema moet funksioneer nie. Hierdie temas kan die politieke klimaat van ons land, omgewingskwessies of selfs humor insluit. Dit tydsbeperking vir hoërskoolleerders is agt minute.

Die finaal word jaarliks in Garsfontein, Gauteng, aangebied en sowat 1600 leerders neem daar deel. Deelname en prestasies op redenaarsgebied word hoog geag en beurse word toegeken aan leerders wat op dié gebied presteer.

Joh-Mari Marais, graad 11, het die Wes-Kaapse finaal van die Radikale Redenaars gewen en gaan die Wes-Kaap by die nasionale kompetisie verteenwoordig. Sy sê : "As die toespraak eers in jou kop is, raak dit opwindend om dit te ontwikkel tot iets wat jou persoonlikheid weerspieël."

Baie geluk met die prestasie en sterkte met die finaal in Garsfontein, ons weet jy gaan die Donkies se naam hoog hou.

Joh-Mari Marais

Skuts skiet Kolskote

Die skuts het die afgelope seisoen weer in die WP-kompetisies uitgeblink en in al sewe wedstryde medaljes verower. Die sterre was Adriaan Alberts (o/16 sporter) en JJ Strydom (o/21 sporter).
Adriaan is aan die einde van die seisoen aangewys as die beste o/16-skut in die WP. Hy behaal ook die besondere prestasie om gekies te word vir die WP 0/21-span wat aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskap gaan deelneem. Wat dit merkwaardig maak, is die feit dat hy tans nommer een o/16 is.

Ons wil graag almal bedank wat getrou geoefen het. Ook 'n besondere dank aan Mnr.Kallie Alberts vir die insette wat hy gelewer het.
~ Mnr. A. Gerber

Toppresteerders in skaak

Ons wil graag baie geluk sê aan die volgende skaakspelers wat ons skool se naam hoog hou. Stean Engelbrecht het aan verskeie toernooie deelgeneem. Hy het uitstekend gevaar.
In die CWSC BLITZ fees het hy eerste in sy ouderdomsgroep gekom en in die WCC ope het hy derde gekom - al moes hy in 'n hoër ouderdomsgroep deelneem.
Allanique Mei het Boland Skaak behaal. Haar span kry silwer medaljes en sy behaal die agste plek in Wildcard (Individuele afdeling) Dit besorg aan haar 'n uitnodiging na die SA Skaakproewe vir Juniors. Sy is toe ook gekies vir die Noord-Boland Skole Skaakspan. Sy word gekies om Kaapse Wynland Skole Skaak te verteenwoordig in die 0/18 afdeling by Western Cape Schools Chess Individuals. Terselfdertyd word sy ook gekies vir deelname aan die Western Cape Chess Individuals te Caledon (U 20 afdeling) waar sy 'n silwermedalje inpalm (2 de plek).Sy neem deel aan die SA Ope Skaak Kampioenskap in Belhar. Hier eindig sy 93ste uit 'n groep van 221 spelers van alle ouderdomme (mans, dames)
Tydens die Marie Delport Memorial Toernooi, aangebied deur Kaapse Wynland Skole Skaak op Wellington, eindig sy sewende in die18/20 ouderdomsgroep en ontvang 'n bronsmedalje
Allanique en Stean is ware staatmakers as dit by skaakwedstryde en deelname kom; hulle is ware ambassadeurs .

Drostdy breier gryp geleentheid

Een van ons eerstespanbreiers, mnr. Renier de Villiers, is aangewys as die Boland 0/17 7's-span se kodisioneringsafrigter en sal ook die Boland Grant Khomospan se agterlynafrigting behartig. Met sy rustigheid het hy 'n groot impak op die rugbymanne en sal sekerlik suksesvol wees as provinsiale afrigter.
meneer De Villiers, ons is trots op u en wens u alle voorspoed toe.

Hokkie

Prrt!! Die fluitjies het geblaas en HTS Drosty se hokkiespanne begin vinnig en takties die bal na die doelhok beweeg. Dis nou maar so, Drostdy se hokkie was hierdie jaar fantasties.

Ons het behoorlik ander skole gewys wie baas is op die hokkieveld. Hierdie kwartaal was daar slegs 'n paar wedstryde. Ons het onder andere gespeel teen: Hoërskool Dirkie Uys, Bridge House, Hoërskool Montana en Hoërskool Robertson. Daar was 'n paar hoë tellings en oorwinnings is oral gevier, maar saam met oorwinnings kom daar ook nederlae wat jou gefokus hou op die volgende wedstryd en die volgende doelwit. Een ding is wel vir seker...Drostdy het 'n fantastiese hokkieseisoen vir 2016 gehad.

Ons het 'n rekordgetal provinsiale spelers gehad en sien uit na volgende jaar - met die hoop van 'n Astro-baan en nog aanstellings as afrigters...

Atletiek spring weg ...

Ons atlete het op die 23ste September deelgeneem by HS Strand aan 'n aflosbyeenkoms. Ek, as afrigter, het met trots daar weggestap - veral om te kon sien hoe ons leerders presteer, was vir my 'n groot voorreg. Die rooi het nog 'n keer uitgestaan - nie net oor hulle spoed nie, maar oor hulle goeie sportmangees. Ons O/14-seuns het beslis uitgestaan op die dag en eerste gekom in 'n hele paar wedlope. Iets wat vir my die daguit gestaan het, was dat die meisie en seuns almal deelgeneem het in aparte wedlope en ons het van 1ste tot self 6de plekke behaal, maar aan die einde van die dag was daar 'n massa-aflos waar daar 24 atlete moes deelneem - seuns en meisies. Toe ons saamwerk en mekaar ondersteun en aanmoedig toe kom ons eerste! Watter gevoel was dit nie om te kon sien hoe elke een van ons atlete opspring en hardloop na die wenpaal om vir Adrian Maans wat die "homestretch" vir ons gehardlope het daar te omhels nie. Ons leerders het respek vir die sport, hulle mede-atlete en hulself. Ons sien uit na wat die seisoen inhou.

Mal oor netbal!

Wie het ooit gesê netbal is vir sissies? Vir die graad agts was hierdie jaar natuurlik heeltemal iets anders met 'n nuwe skool en nuwe span.
Die sweet, bloed en bene wat pyn was alles op die ou end die moeite werd. Alles was nie altyd maanskyn en rose nie, maar die spanne het saamgestaan deur dik en dun. Saam het ons die beste jaar van netbal gehad. Die kompetisie was taai, maar dit het ons nie gekeer of beperk nie.
Netbal is ons lewe en dit laat ons opponente bewe. Met harde werk en motivering sal ons nog hoë hoogtes bereik. Een ding is seker, met God as die kaptein van ons span het ons nie vir een oomblik getwyfel dat ons kan nie.
Hierdie kwartaal het ons teen De La Bat, Hexvallei en Robertson gespeel.
Hier volg die uitslae:



o/14 A:
Hexvallei – 3 ; Drostdy – 30
Robertson – 8 ; Drostdy – 28

o/15A:
Hexvallei – 4 ; Drostdy – 19
Robertson – 15 ; Drostdy – 14

o/16 A:
Hexvallei – 13 ; Drostdy – 2
Robertson – 11 ; Drostdy – 12

1ste Span:
Hexvallei – 5 ; Drostdy – 33
Robertson – 32 ; Drostdy – 33

Baie geluk met die pragtige uitslae.

"Never quit believing in yourself"

~ Shanidine en Shelene Bezuidenhout

Wat 'n tog!

Wintertyd is jagtyd! En voor die Junievakansie is almal in rep en roer om alles gereël te kry vir die komende jag. Gewere word skoongemaak en alles moet perfek wees vir daai een perfekte skoot.

Sean van der Westhuizen, Roan Pieterse, Carel Barnard, Marlo Brink, Christiaan du Plessis, Henco Weyers en Juandre Burger was die jagters en oom Brinkie Louw, mnr. Rico Hunter en mnr. Oupie du Plessis was die toesig. Die manne is op Sondag, 3 Julie, hier weg na Victoria - Wes vir die jaarlikse jagekskursie. Die pad raak lank hier deur die Karoo, veral as 'n mens opgewonde is - en tog ook so 'n bietjie senuweeagtig.

Op dag een oefen ons en skiet die gewere in. Almal moet darem net die gevoel kry voor ons die veld invaar. Op dag een kry ons egter net een geleentheid en dieselfde aand hang Carel se bok in die koelkamer. Op dag twee ry ons Gemsbokfontein toe. Die wind waai erg, maar ons gaan nie toelaat dat so iets ons opgewondenheid demp nie. Amper almal skiet klaar behalwe Roan, Brinkie en mnr Hunter. Op dag drie maak ons voor twaalfuur klaar en almal glimlag van oor tot oor. Selfs mnr Oupie se dogter spog met haar eerste bok - en nogal 'n kopskoot!. Nou begin die werk. Al die bokke word geslag, boude en blaaie gemaak en dan begin die sny van die biltong en die maak van die wors. Almal maak hul eie wors en help met die biltong. Teen Woensdagaan hang almal se biltong en die droëwors.

Op Donderdagoggend , met 'n temperatuur van -7,8 grade Celsius, moes die manne wag voor hulle die tog terug kan aanpak. Die diesel vries so koud is dit. Uiteindelik kom almal moeg maar baie tevrede by die Drostdy aan. Hierdie uitstappie verg baie beplanning en baie mense dra by. Mnr André le Roux van die Boland Agri het vir elke jagter 'n knipmes geborg. Me Esther Pettit het die brood geskenk. Mnr DB Joubert en mnr. Danie Cronje het 'n finansiële bydrae gemaak. Mnr Steyn Gerber het vir ons Coke geskenk. Oom Brinkie Louw het toesig gehou. Mnr. Rico Hunter het die bus gery. Tannie Chané de Wet van die kombuis het hard gewerk. Ons gasheer en -vrou, oom Jakkals en tannie Charlene Olivier en hulle kinders wat elke jaar soveel opoffer in hierdie tyd. Baie baie dankie. Ons waardeer almal en merk die datum elke jaar op die kalender as 'n hoogtepunt.

Sean met sy mooi ram

Marlo Brink is baie trots

Roan se eerste van twee

Christiaan met nog 'n ram

Carel spog met sy eerste bok

Juandré het met Saul geskiet

Links: Op pad het ons by Leeu-Gamka gestop vir padkos - soos wat dit hoort.

Regs: Die aand is almal behoorlik welkom gesê.

Ons seuns het behoorlik geblom !

Beleef HTS Drostdy

HTS_Drostdy

@HTS_Drostdy

Landloop

Hierdie afgelope kwartaal is die landlopers weer hard aan die hardloop gewees. Met harde oefening regdeur die tweede kwartaal en Junie-vakansie het hulle baie goeie uitslae behaal. Dupie Blom , Johannes Fick , Nicholas Orton en Joh-Mari Marais het almal deur die seisoen aan minstens vier van die ses landlooproetes deelgeneem. Die roetes is op Worcester, Ceres, Porterville, Wellington, Robertson en Grabouw gehou. In die onderskeie roetes het hulle nie net elke keer in die top ses gehardloop nie, maar ook die nodige kwalifiserende tye behaal. Sodoende het hulle kwalifiseer om aan die Boland Kampioenskappe deel te neem in Wellington. Joh-Mari het hier haar Boland kleure verwerf en neem later in Worcester, by Drostdy se gronde, aan die WP kampioenskap deel. Ons is baie trots om te kan sê dat al hierdie prestasies bereik is in die eerste seisoen wat landloop weer terug is by Drostdy as 'n amptelike sport. Ons is trots op elke leerder wat deelgeneem het en ons sê vir meneer Rico Hunter baie dankie vir sy harde werk en getroue ondersteuning as landloopafrigter.

Dis mos hoe mens stoei...

Hierdie afgelope kwartaal was daar geen twyfel dat Drostdy Stoeiklub die land en wêreld gewys het wie baas is op die stoeimatte nie. Die stoeiers het ongelooflik presteer en met die afrigting van mnr. Kurt Hertzog en Jason Beukes kon ons nie minder as die beste verwag nie.

Een van die toernooie waaraan Drostdy Stoeiklub hierdie kwartaal deelgeneem het was 'n toernooi in Ceres, 3 September, waar daar 16 goue-, 11 silwer- en 4 brons medaljes verower is. Ons is baie trots op hierdie leerders en wens hulle hartlik geluk.

Daar was ook drie van ons leerders wat Suid-Afrika in Algerië verteenwoordig het waar al drie bronsmedaljes ontvang het. Hierdie leerders is Jacques Ludick, Nicol van Schalkwyk en Johan Hulme.

Jason Beukus, 'n oudleerder van Drostdy, het ook in Algerië deelgeneem, in die Senior afdeling, en ontvang hier 'n brons - medalje. Jason het ook die afgelope Senior Wêreld Spele bygewoon waar hy ook goed presteer het.

Een van ons leerders, Johan Hulme, het nie net in Algerië opgehou om die wêreld plat te toer nie, maar word toe verkies om Suid-Afrika by die Kadet Wêreldspele in



Georgia, Amerika, te verteenwoordig. Johan het hier goed presteer en Drostdy wens hom geluk met sy wonderlike prestasies.

Mnr. Kurt Hertzog (afrigter) is ook uitgenooi om twee oefenkampe oorsee aan te bied en hy is gekies as een van die top stoeiafrigters ter wêreld. Hy het ook vir Johan vergesel na Georgia.

Ons is bevoorreg om so baie talent in Drostdy te kan hê, en ons is trots op elke liewe stoeier wat Drostdy se naam hoog hou. Elke aand se harde en laat werk is definitief al die medaljes werd.

~ Yvette van der Walt

Putty- en Tea Cup '16

Die baardmanne is ore aangesit! Vanjaar was dit die Donsies se beurt om stof in die "grootmanne" se oë te skop, en dit gebeur nie altyd dat die matrieks aan die baard geruk word nie.



Op die veld was die baardmanne ge-abba in al hulle glorie nadat die arme Donsies walglike goed moes eet/drink. Blykbaar die naarheid as motivering vir die gr11's om hulle alles te gee! Met hul seepglad bene, arms en koppe het hulle deur die harige manne geglip en genael vir hul eerste drie Met die tweede helfte het die Donsies eers begin gas gee! Met 'n oorwinning van 34-12 was dit verseker dat volgende jaar se matrieks base van die veld gaan wees... "Top dogs."

En 'n nuwe tradisie naamlik die "Tea Cup" is hierdie jaar begin om die meisies ook 'n plek in die kollig te gee. Die graad elf en twaalf dogters het met mekaar meegeding en die matrieks hou hulle naam hoog deur die wedstryd met 'n telling van 15 - 4 te wen.

Ons kaptein aan die woord!

Deur Albert Liebenberg

2016 wat rugby betref , was 'n jaar wat ek altyd sal koester. Ek was regtig bevoorreg om deel uit te maak van Mnr . De Villiers se vyftiental wat Saterdag na Saterdag ons alles gegee het vir Drostdy. Ja, soms het ons as wenners afgestap , maar daar was Saterdae wat ons ook ons koppe moes hoog hou al het ons verloor! As ek moet sê watter wedstryd was die een wat vir my die spesiaalste was , was dit definitief die wedstryd teen Helpmekaar in Oudtshoorn. Teen alle verwagting het ons hulle gewen. Ons was een span met een doel en het vir mekaar gespeel. Ek moet sommer dieselfde asem sê die wen teen Worcester Gimnasuim by Classics , met honderde Old Boys , wat ons kom ondersteun, en 'n skool wat bankvas agter ons staan, was ook een van my hoogtepunte... sjoe , en dit nog op Trappespark!

Die geleentheid en die eer om Drostdy se o/19A span te lei was 'n voorreg. Soms was ek moedeloos , maar meeste van die tye was dit 'n belewenis om voor te hardloop , hard te speel , manne te motiveer en te hoor hoe die pawiljoen ons aanspoor . Dankie Drostdy!

Ek het baie geleer die jaar as Kaptein...lei van voor , wen is nie altyd alles nie en dat die game 'n skool soos Drostdy bymekaar kan bring soos geen ander sport nie.

Wat ek altyd van Drostdy sal onthou, is hoe ek as klein graad aggie gedroom het om in 'n rooi trui te speel ... ek het na Izak Burger , Hanro Liebenberg en ander gekyk en net gedroom om voor te hardloop. Drostdy het tradisie , gees en 'n belewenis van kinders wat jy nie in Worcester kry nie.

DANKIE aan elkeen van julle wat elke Saterdag kom aanmoedig het , al die ouens wat langs die baan ondersteun het, aan mnr. De Villiers , oom Jorrie en Stef... dit was vir my lekker en 'n baie groot eer om as kaptein die jaar saam met julle my skoolrugbyloopbaan af te sluit. Dankie aan elkeen van my spanmaats wat die jaar ook vir my spesiaal gemaak het. Dankie Romeo (baksteen) dat jy my plek so getrou in die bus gehou het... jy het my spesiaal laat voel!!